Publication: WESLANDER
Title: Myn rig kamp op vir skaars bokspesie
AVE: 1232.01

Page: 5
Publish Date: 02 February 2017
Author: UNSPECIFIED

# Myn rig kamp op vir skaars bokspesie

Drie skaars bontebokke is op die plaas Elandsfontein, naby Hopefield gevind.

Die mynmaatskappy Kropz se beoogde fosfaatmyn is ook op dié plaas, voorheen 'n privaat natuurreservaat, geleë.

Met opinies in Hopefield en Langebaan steeds verdeeld oor die myn, veral weens die gevreesde impak van mynbedrywighede op 'n ondergrondse varswaterbron van die nabygeleë Langebaan-strandmeer, probeer die myn baie hard om hul toewyding aan die bewaring van die omgewing se biodiversiteit te bewys.

Charmane Russell, woordvoerder vir Kropz, het in reaksie op navrae vanaf *Weslander* gesê 'n ruim bewaringskamp is op die plaas vir die skaars bontebokke opgerig as deel van die myn se biodiversiteit-inisiatiewe.

Die drie bokke (twee ooie en een ram) is van groot bewaringsbelang, omdat opregte bontebokke baie skaars is weens inteling tussen blesbokke en bontebokke.

Volgens Russell het die myn verlede jaar die bokke laat toets en daar is bepaal dat die bokspesie geneties suiwer en dus baie raar is.

Die bewaringskamp is opgerig om te voorkom dat die lammetjies deur roofdiere gejag word. 'n Lammetjie is in Desember gebore en volgens Russel, "floreer" die bokkie.

Volgens Russell hoop die myn om met verloop van tyd 'n hele kudde bontebokke op die plaas te hê.



**Een van drie genetiese suiwer bontebokke wat op die plaas Elandsfontein gevind is.**


www.novusgroup.co.za | Tel: 011 568 3337 | clientservice@novusgroup.co.za | Copyright © Novus Group (Pty) Ltd.